79/94 N
vH

<u>WINSTON TOHN WILLIAMS</u> Appellant

en

<u>DIE STAAT</u> Respondent

SMALBERGER, AR :

7994
NvH

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

WINSTON JOHN WILLIAMS Appellant

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: SMALBERGER, VIVIER, ARR et

OLIVIER, Wn AR

VERHOORDATUM: 20 Maart l995

LEWERINGSDATUM: 27 Maart l995

## U I T S P R A AK

SMALBERGER, AR :

Die appellant het in die streekhof te Johannesburg skuldig gepleit op 'n aanklag van dwarsboming of belemmering van die verloop van die gereg. Gepaardgaande daarmee het hy in terme

van artikel 112(2) van die Strafproseswet 51 van 1977 die volgende verklaring gemaak:

> "Ek, die ondergetekende, Winston Williams, verklaar hiermee uit my eie vrye wil en sonder onbehoorlike beïnvloeding die volgende:

1. Dat ek gedurende die tydperk 27 Julie 1992 tot 2 Augustus 1992 en te Johannesburg in die síreekafdeling van Suid-Transvaal verkeerdelik en wederregtelik en met die opset om die verloop van die gereg te belemmer met ene D N Jamen, alias Bettie Webb, 'n ooreenkoms aangegaan het om vleeslike gemeenskap met haar te hê;

2. In ruil vir die voorgemelde vleeslike gemeenskap het ek die saakdossier waarin die voorgemelde D N Jamen 'n beskuldigde was in my besit gehou en dit nie aan die poïisie terug besorg nie.

3. Ek erken dat ek 'saak is teruggetrek' op die voorkant van die dossier aangeteken het;

4. Ek erken dat daar tussen myself en die genoemde D N Jamen ooreengekom is om op 2 Augustus 1992 vleeslike gemeenskap te hê in ruil vir die saakdossier;

4. Ek erken verder dat ek op die bovermelde datum na Jamen se woonstel is, die saakdossier aan haar oorhandig het, maar dat ek nie vleeslike gemeenskap met haar gehad het nie. Na die oorhandiging van die dossier is dit deur D N Jamen geskeur;

5. Ek erken dat my langdurige besit van die dossier en my oorhandiging daarvan aan D N Jamen verkeerd en wederregtelik was, dat ek dit gedoen het met die opset om die verloop van die gereg te belemmer en dat my handeling inderdaad die verloop van die gereg belemmer het.

6. Ek erken ek is skuldig soos aangekla."

Hy is skuldig bevind soos aangekla en gevonnis tot vyf jaar gevangenisstraf waarvan twee jaar voorwaardelik opgeskort is.

Die appellant het appèl aangeteken na die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling teen beide sy skuldigbevinding en vonnis. Op appèl was dit gemene saak dat die terugtrekking van die saak gemagtig is deur 'n senior staatsaanklaer, en dat indien die dossier nie vernietig was nie dit in die praktyk na die polisie sou

teruggegaan het en kon daar bes moontlik later weer met die vervolging voortgegaan word. Die hof a quo het bevind dat, ondanks die appellant se pleit van skuldig, sy handeling slegs op 'n poging neergekom het. Sy skuldigbevinding is dienooreenkomstig verander na een van poging tot dwarsboming of belemmering van die verloop van die gereg. Daar is opnuut oor vonnis besin, en 'n vonnis van vier jaar gevangenísstraf, die helfte waarvan voorwaardelik opgeskort is, is opgelê. Met verlof van die hof a quo kom die appellant nou in hoër beroep slegs teen sy vonnis.

Die appellant is tans 30 jaar oud. Hy is getroud. Daar is een kind uit die huwelik gebore. Hy en sy vrou is van mekaar vervreem. Die appellant moet as 'n eerste oortreder beskou word. Hy beskik oor 'n LLB graad wat hy met deursettingsvermoë onder soms moeilike omstandighede verwerf het. Hy was as staatsaanklaer werksaam toe hy die misdaad gepleeg het. As gevolg van sy skuldigbevinding het hy sy werk verloor. Sy loopbaan in

die regte is waarskynlik beëindig en hy sal in die toekoms 'n ander beroepsrigting moet volg. Sy skuldigbevinding hou dus vir hom baie nadelige gevolge in.

Dit is te betwyfel of die appellant opreg berou het oor sy optrede, sy pleit van skuldig ten spyt. Toe hy ter versagting getuig het, het hy die waarheid probeer verdraai deur te beweer dat hy aanvanklik deur die betrokke vrou genader is, en nie sy deur hom nie. Hy moes egter later toegee dat dit nie die geval was nie, Sy optrede in dié opsig is nie te rym met werklike berou nie. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die appellant nie op die ingewing van die oomblik gehandel het nie en oorgenoeg tyd gehad het om oor sy optrede te besin.

Dwarsboming of belemmering van die verloop van die gereg (of 'n poging daartoe) is 'n emstige misdaad (S v Mene and Another 1988(3) SA 641 (A) op 666A). Te meer is dit die geval hier omdat die appellant van 'n verantwoordelike vertrouensposisie

misbruik gemaak het met die doel om sy eie selfsugtige drange te bevredig. Hy het in 'n vertrouensposisie gestaan teenoor beide die prokureur-generaal, namens wie hy aangekla het, en die publiek, na wie se belange hy onbevange moes omsien. Staatsaanklaers vervul 'n belangrike rol in die regspleging, en daar moet op hulle eerlikheid en integriteit by die uitvoering van hulle pligte síaatgemaak kan word. Skiet hulle in dié opsig te kort of misbruik hulle hul gesagsposisie om 'n misdaad te pleeg, moet die regspleging noodwendig skade lei omdat die gemeenskap daarin vertroue sal verloor. Die gemeenskapsbelang tree dus sterk na vore by die bepaling van 'n gepaste vonnis. So ook afskrikking, omdat hierdie blykbaar 'n misdaad is wat toenemend voorkom. Dit beteken egter nie dat die appellant se persoonlike omstandighede oor die hoof gesien of te lig aangeslaan moet word nie. Ten einde 'n gepaste vonnis te bepaal, moet sowel alle tersaaklike faktore as die oogmerke van vonnis, ewewigtig in oënskou geneem word.

Dit blyk dat die hof a quo nie in die opsig kortgeskiet het nie. Dit het verskillende vonnisopsies, insluitende korrektiewe toesig ooreenkomstig art 276(1) van die Strafproseswet, oorweeg. Die hof het egter tot die gevolgtrekking geraak dat gevangenisstraf aangewese is. Dit is geykte reg dat hierdie Hof níe oor 'n algemene bevoegdheid beskik om met 'n opgelegde vonnis in te meng nie. Inmenging kan alleenlik geskied waar daar 'n wesenlike mistasting of 'n onreëlmatigheid voorkom, of die vonnis ontstellend onvanpas is. Al is die opgelegde vonnis in die onderhawige geval swaar, en ek persoonlik miskien 'n ligter vonnis sou opgelê het, kan dit egíer nie as ontstellend onvanpas beskou word nie. Dit was trouens nooit op appèl betoog die geval te wees nie. Daar kon ook nie op enige uitdruklike mistasting gewys word nie.

Namens die appellant is egter betoog dat die hof a quo net sydelings verwys het na korrektiewe toesig sonder om behoorlik daarop in te gaan. Gevolglik, so is betoog, is inmenging

geregverdig. Dit is gemene saak dat korrektiewe toesig as vonnisopsie in die hof a quo geopper en gedebatteer is. Daar is geen rede om te glo dat dit nie behoorlike aandag en oorweging geniet het nie. Die hof a quo het egter tot die slotsom geraak dat dit nie 'n gepaste vonnis in al die omstandighede is nie. Ek is nie oortuig dat daar gefouteer is nie. Maar selfs al sou ons korrektiewe vonnis as 'n geskikter vonnis beskou, sou dit ons nogtans nie vrystaan om die bestaande vonnis daarmee te vervang nie by ontstentenis van een van die aanvaarde gronde vir inmenging (S v R 1993(1) SA 476(A) op 485H - 486B). Aangesien geen sodanige grond bestaan nie, is die onvermydelike gevolg dat die appèl nie kan slaag nie.

Die appèl teen vonnis word van die hand gewys.

JW SMALBERGER
APPèLREGTER

VIVIER, AR )
OLIVIER, Wn AR) Stem saam